

Persoonlike Ongeluksplan

Bepalings & Voorwaardes

Wat deur die Persoonlike Ongeluksplan gedek word

Die Persoonlike Ongeluksplan bied u dekking van onskatbare waarde as u as gevolg van 'n ongeluk beseer en gehospitaliseer is en/of ongeskik of dood verklaar word. Ons sal u ook deur middel van ons vennoot, Road Protect, help om geld wat aan u deur die Padongelukfonds (POF) verskuldig is te verhaal.

Voordele van die Persoonlike Ongeluksplan

- Afslag op die addisionele premie wanneer u u lewensmaat byvoeg.
- Geen mediese ondersoek word vereis nie.
- Hospitalisasie-dekking tree op die eerste dag van hospitalisasie in werking.
- Belastingvrye uitbetaling in die geval van ongeskiktheid of dood.
- Regsverteenvoordiging, asook eise- en administrasie-bestuur om van die POF te eis.
- MIV-dekking, wat aan u toegang tot MIV-toetsing en -behandeling na onopsetlike blootstelling bied.

Kindervoordeel

Kinders word ook vir die maksimum bedrae hieronder gedek:

- **R10 000** vir kinders ongebore tot 6 jaar oud.
- **R30 000** vir kinders 7 tot 14 jaar oud.
- 25% van die hooflid se dekking vir kinders tussen 15 en 21, en tot en met 25 as hulle geregistreerde voltydse studente is.

Hoe werk my betalings?

U Persoonlike Ongelukspolis bied u maandelikse dekking; 'n maandelikse premie sal vooraf, op die aftrekdatum soos wat dit op u skedule verskyn, afgetrek word. Indien ons nie in die maand wat op die aktivering van u polis volg (en daarna) u premie op die gekose aftrekkingsdatum ontvang nie, sal 'n grasietydperk van 15 dae aan u toegestaan word om u premie te betaal. Indien ons nie u premie na die 15 dae ontvang nie, sal u nie vir daardie maand dekking hê nie.

Premieverpligtinge

U premieverpligtinge word in u skedule onder "Betalingsbesonderhede" uiteengesit. Hier sal u besonderhede vind omtrent die betaalbare premie, die betaalwyse en die datum waarop betaling verskuldig is. U polis sal slegs op ontvangs van die eerste premie in werking tree.

Neem asseblief kennis dat ons ooreengekom het om die premie deur 'n debietorder te verhaal en dat die eerste aftrekking 'n aanvangsfooi en 'n administrasiefooi sal insluit. 'n Aftrekking sal op dieselfde dag van elke maand plaasvind. As enige aftrekdatum waarop ons ooreengekom het op 'n Sondag of openbare vakansiedag val, sal die aftrekking op die Maandag, of op die laaste dag voor of die eerste dag na die openbare vakansiedag, gemaak word. Indien ons nie u premie op u gewone aftrekdatum ontvang nie sal ons, met die doel om u gedek te hou, poog om op 'n meer gepaste datum u premie vanaf u te verkry. As die premie vir drie opeenvolgende maande nie betaal word nie, sal die polis onmiddellik gekanselleer word.

Die definisie van “ongeluk”

'n Ongeluk is 'n onverwagte, onopsetlike gebeurtenis wat op 'n geweldadige, uitwendige en sigbare wyse gebeur en wat gewoonlik tot besering wat hospitalisasie as 'n gevolg het, ongeskiktheid of dood binne 12 maande vanaf die voorval lei.

Die definisie van permanente algehele ongeskiktheid

Dit is 'n ongeskiktheid wat die versekerde totaal en al verhoed om werk van enige aard te bekom, en wat waarskynlik vir die oorblywende deel van die versekerde se lewe die geval sal wees. Die ongeskiktheidstoestand moet deur mediese bewyse gestaaf word.

Skaal van voordele vir ongeskiktheid

Ongeskiktheid	Persentasie
Permanente algehele ongeskiktheid	100%
Permanente en ongeneesbare verlamming van alle ledemate	100%
Verlies van beide hande of beide voete	100%
Totale verlies van sig in beide oë	100%
Permanente gehoorverlies in:	
• Beide ore	75%
• Een oor	20%
Permanente en totale verlies van spraak	75%
Verlies van een ledemaat, een hand, een voet of algehele sig in een oog	60%
Verlies van vier vingers op enige hand	40%
Verlies van 'n duim	
• Albei litte	20%
• Een lit	10%
Verlies van vingers op enige hand	
• Drie litte	10%
• Twee litte	8%
• Een lit	5%
Verlies van tone op enige voet	
• Alle tone op een voet	30%
• Groottoon – beide litte	10%
• Groottoon – een lit	5%
• Enige toon behalwe die groottoon (elk)	5%

As u vir meer as een van die bogenoemde beserings of verliese eis, sal die som van u totale uitbetaling tot 100% beperk word.

Hospitalisasie

As die versekerde weens 'n ongeluk hospitalisasie nodig, sal u vanaf dag een tot 104 weke gedek wees. Die eis sal slegs uitbetaal word wanneer die hospitaalrekords verskaf is en vir betaling goedgekeur is. As vergoeding vir ongeskiktheid of dood betaalbaar word, sal daar geen vergoeding onder hierdie voordeel wees nie.

Sterftedekking

As die versekerde weens 'n ongeluk sou sterf, sal ons sy/haar genomineerde begunstigde(s) of boedel, volgens die vlak van dekking wat gekies is, uitbetaal. Vergoeding vir algehele permanente ongeskiktheid of dood sal in 'n enkelbedrag uitbetaal word. Betaling is belastingvry.

Wat die Persoonlike Ongeluksplan nie dek nie

- Self-toegediende besering.
- Besering veroorsaak as gevolg van verstandelike gestremdheid.
- Hospitalisasie, ongeskiktheid of dood as gevolg van gevaarlike aktiwiteite.
- Hospitalisasie, ongeskiktheid of dood as gevolg van dwelm- of drankmisbruik.
- Nie-ongelukverwante hospitalisasie.
- Dood en ongeskiktheid as gevolg van 'n ongeluk of besering wat voor die aanvang van hierdie polis gebeur het.
- Selfmoord.
- Dood en besering as gevolg van natuurlike oorsake.

Wie kwalifiseer nie vir dekking nie?

Hierdie dekking sal slegs aan kliënte tussen die ouderdom van 21 en 65 verkoop word.

Die belangrikheid van Road Protect

Die Padongelukfonds (POF) is tot stand gebring om vergoeding en bystand aan slagoffers van motorongelukke wat deur die nalatigheid van 'n derdeparty-bestuurder veroorsaak is te bied.

Die probleem

- Slagoffers staar groot uitdagings in die gesig wanneer hulle deur die POF moet eis.
- Die proses kan baie duur, lank, ingewikkeld en verwarrend wees.
- Gewoonlik weet beseerde slagoffers nie van die voordele wat deur die POF aangebied word nie.

Die Road Protect-oplossing

Nuwe wetgewing het die regsberoep laat wegbeweeg van eise-prosessering omdat hulle nie meer die reg het om enige van die skikkingsbedrae as fooi te neem nie. Nou kan ons u met die Road Protect-voordeel die volgende bied:

- Regsverteenvoording deur een van ons prokureurs.
- Administrasie- en eisebestuur.
- Medies-wetlike verslae van Road Protect se mediese spesialiste, waar nodig.
- Waar nodig, verslae rakende toekomstige verlies van inkomste.
- Ongeluksrekonstruksies.
- Op suksesvolle eise sal die volle skikkingsbedrag van die POF aan u betaal word, omdat geen fooie deur Road Protect teruggehou word nie.

Road Protect bepalinge en voorwaardes

As u in 'n motorongeluk betrokke is en beseer word, mag u van die POF eis. Al wat u hoef te doen is om die Road Protect Eisenommer (op die keersy van hierdie brosjure) te skakel. 'n Professionele konsultant sal u van die regte advies om 'n eis teen die POF in te stel voorsien.

Road Protect-dienste

- Telefoniese bystand en advies gedurende kantoorure om te verduidelik wat u nodig het om u eis aan die POF voor te lê.
- Gekwalifiseerde en ervare Road Protect-assessors is beskikbaar as u 'n voorlopige assessering benodig.
- Bystand en advies om u te help om al die vereiste regsverslae en assesserings te bekom.
- Bystand en advies om alle mediese-wetlike verslae en assesserings te bekom.
- Gevallebestuur van u eis.
- Alle administrasie wat benodig is vir die voorlegging van 'n bona fide-eis, soos vasgestel en gereël deur Road Protect.

POF-eise

- Die tyd en datum waarop die ongeluk plaasgevind het.
- U ongeluksversla/e en verslagnummer/s vanaf die SAPD en/of die verkeersafdeling.
- Die mediese verslag van die eerste dokter wat u na die ongeluk ondersoek het.
- Die name, adresse en telefoonnummers van al die ooggetuies.
- Foto's van die ongeluk en u beserings, indien moontlik.
- U omvattende versekeringsbesonderhede, indien toepaslik.
- Al u mediese en hospitaalrekeninge.
- Gesertifiseerde afskrifte van u ID-dokumente.

POF-eiseprosedure

Maak seker dat u soveel as moontlik van die bogenoemde inligting het, dan:

1. Bel die **Road Protect Eisenommer** (op die keersy van hierdie brosjure).
2. Ná die konsultasie sal die Road Protect-regspraktisyn u inlig oor die meriete van u eis, en u oor die eisprosedures adviseer.
3. As u wil voortgaan met die eis, sal Road Protect, gebaseer op die Road Protect-regspraktisyn se advies, al die nodige reëlins vir konsultasies tref en al die nodige opinies wat u vir u eis mag benodig bymekaar maak. Dit mag addisionele regskonsultasies en -verslae, regs-mediese verslae en aktuariële opinies in verband met verlies van inkomste as gevolg van u besering insluit.
4. Road Protect sal u bystaan met al die nodige administratiewe vereistes en die voorbereiding van die dokumente wat nodig sal wees om u eis in te dien.
5. Om 'n gebalanseerde en regverdige mediese eis te verseker, sal al u mediese uitgawes wat direk verband hou met die beserings wat u in die ongeluk opgedoen het geassesseer word.
6. U eis sal gefinaliseer en vergelyk word en dan, met u toestemming, sal u eis namens u vir oorweging en skikking aan die POF voorgelê word.
7. Road Protect sal omsien na alle redelike navrae of versoeke vir verdere besonderhede wat die POF mag benodig om die eis te skik.

Beperkings van die Road Protect-diens

- As die assessor, wat toegerus is met al die feite, van mening is dat die meriete van die saak nie 'n eis regverdig nie, sal ons dienste daarvolgens beperk word. As u nie sou saamstem nie, of as daar verskille tussen u assessering en dié van die Road Protect-assessor(s) is, sal die saak vir hersiening na die Road Protect-adviespaneel verwys word.
- Road Protect is nie verantwoordelik vir enige koste wat u, die versekerde, vir bogenoemde aangaan nie.
- U is welkom om advies van ander bronne buiten Road Protect te kry. Die koste vir hierdie eksterne bronne sal egter nie deur Road Protect gedek word nie, behalwe as daar vooraf skriftelike toestemming van Road Protect ontvang is.
- U is glad nie verplig om die dienste van Road Protect te gebruik nie. Sou u van 'n party buiten Road Protect gebruik maak, sal Road Protect nie verantwoordelik gehou kan word vir enige koste wat aangegaan word nie.
- Die Road Protect-diens is slegs beskikbaar vir ongelukke wat in Suid-Afrika plaasvind.
- As u premies nie op datum is wanneer die ongeluk plaasvind nie, sal Road Protect nie u eis hanteer nie.
- As u nie ten tye van die ongeluk aan die POF se reëls voldoen het nie, sal Road Protect nie u eis hanteer nie.
- Road Protect kan nie die diens wat u van die POF ontvang waarborg nie.

U verpligtinge

Indien u nie al die volgende verpligtinge nakom nie, mag u dekking gekanselleer word.

U verpligtinge is:

- Verkeerde inligting, nie-openbaarmaking of wanvoorstelling van inligting kan die versekeraar, in terme van enige eise voortspruitend uit u versekeringskontrak, beïnvloed. Dit kan ook die versekeraar se keuse beïnvloed om polisvoordele aan te bied, of om u polis te aanvaar of af te keur.
- Stel ons in kennis as enige van die polisbesonderhede of verklarings nie korrek is nie, of as enige van hierdie polisbesonderhede of verklarings verander.

Betwiste eise

Nadat u ons oor u eis in kennis gestel het, het u 90 dae om versoë aan te teken. As u nie aan hierdie tydsbeperking voldoen nie, sal die betwiste eis nie heroorweeg word nie. As versoë wel ontvang word, sal die besluit heroorweeg word en sal u oor die uitkoms in kennis gestel word.

Indien die versekeraar, ná hersiening, nie u eis of 'n deel daarvan vergoed nie en u steeds ontevrede is, moet u binne ses maande, ná afloop van bogenoemde 90 dae, geregtelike prosesstukke teen die versekeraar voorlê. As u nie aan hierdie tydsbeperking voldoen nie, sal u verhinder word om met regsprosedure voort te gaan.

MIV-Beskerming

Mense wat MIV-positief is vind dikwels dat die samelewing hulle soms weens vrees en onkunde vermy en veroordeel. In die geval dat u aan MIV blootgestel is, sal u alle moontlike bystand en leiding benodig.

Die doel van hierdie produk is om seker te maak dat u en u gesin volle toegang het tot vertroulike MIV-toetsing en -behandeling binne die kritiese 72-uur venstertydperk ná toevallige/onopsetlike blootstelling. Dit sal die moontlikheid van MIV-infeksie drasties verminder.

Onopsetlike blootstelling aan MIV

Onopsetlike blootstelling aan MIV kan op menigte wyses geskied, insluitend:

- Seksuele oordrag deur aanranding en/of molestasie.
- Bloedoortappings en toevallige kontak met naalde.
- Direkte kontak met liggaamsvloeistowwe van 'n geïnfekteerde persoon, deur 'n motorongeluk, byvoorbeeld.
- Beroepsblootstelling, bv in die gesondheidsbedryf.
- Ma-na-kind oordrag tydens swangerskap, geboorte en borsvoeding.

Wat u te doen staan in die geval van onopsetlike blootstelling

In die geval dat u onopsetlik aan MIV blootgestel is, moet die volgende stappe geneem word om u veiligheid te verseker:

1. Bel dadelik die **Sorgsentrumnommer** (op die keersy van hierdie brosjure).
2. U sal na die naaste dokter, kliniek of hospitaal verwys word, waar u gepaste behandeling sal ontvang.
3. Bloedtoetse sal gedoen word om u MIV-status vas te stel.

In die geval van 'n MIV-negatief toetsresultaat:

- Antiretrovirale behandeling sal voorsien word.
- Profilaktiese terapie (voorbehoedmiddels) sal voorsien word om sodoende moontlike seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) te voorkom.
- Die 'nabehoed-pil' sal aan u gegee word in die geval van seksuele aanranding.
- U sal oor 'n drie-maande tydperk gemonitor en hertoets word.
- Indien u status negatief bly, sal die saak afgehandel wees.

In die geval van 'n MIV-positief toetsresultaat:

- SOI-behandeling en die 'nabehoed-pil' sal voorsien word.
- U sal die geleentheid hê om by 'n MIV-/Vigs-siektebeheerprogram aan te sluit (koste vir behandeling sal uit u eie sak of mediese fonds kom).
- Lewenslange inbel-advies en berading sal vir u en u dokter beskikbaar wees.

Behandelingsvoordele

- Toegang tot 'n 24-uur, 365-dae-per-jaar Sorgsentrum vir MIV-/Vigs-inligting, -advies en-berading.
- Twee bloedtoetse en konsultasies na 'n geval van moontlike blootstelling.
- Antiretrovirale terapie om infeksie te voorkom.
- Die 'nabehoed-pil' om swangerskap te voorkom.
- SOI-voorkomende medikasie (profilakse/voorbehoeding).

Seksuele aanranding

In die geval dat u seksueel aangerand word, sal u toegang tot die volgende hê:


'n Onbeperkte beradingsvoordeel vir die pasiënt en sy/haar gesin. Die pasiënt mag **R1 000** hiervan vir alternatiewe terapie, soos byvoorbeeld refleksologie, aromaterapie ensovoorts, gebruik. Neem asseblief kennis dat enige diens wat onder hierdie voordeel gebied word deur 'n geregistreerde praktisyn uitgevoer moet word. Oorspronklike rekeninge moet saam met alle eise gestuur word vir vergoeding.

'n Sekuriteitsvoordeel van **R2 000** vir redelike sekuriteits-verbeterings ná 'n seksuele aanrandingverwante voorval. Neem asseblief kennis dat enige diens wat onder hierdie voordeel gebied word deur 'n erkende maatskappy of individu gelewer moet word. Oorspronklike rekeninge moet die terug-eise vergesel.

Hoe om uself te beskerm

- Gebruik altyd 'n kondoom.
- Ken u seksuele maat se leefstyl.
- Vermy kontak met bloed en ander liggaamsvloeistowwe, naalde en spuite.

Proses wat op onopsetlike blootstelling volg



Administrasie & Navrae

Verkope, Kliëntedienste & Eise

0860 10 47 89

MIV-Beskerming Sorgsentrum

0861 60 36 03

Die eisebystandsdiens vir RAF-eise word verskaf deur Road Protect.

MIV-Beskerming is 'n diens verskaf deur LifeSense Risk Solutions ('n afdeling van die LifeSense Groep (Edms) Bpk)
(FSP lisensienommer: 21270).

Die Persoonlike Ongeluksdekking word verskaf deur Auto & General Versekeringsmaatskappy Bpk,
'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (FSP lisensienommer: 16354).